Directorate: Curriculum FET

Western Cape Government

# KWARTAAL1

# HERSIENING

# LEERDER BOEKIE

# TOERISME

## Graad 12

# INHOUDSBLAD


| | Inhoud | Bladsy Nommer |
|---|---|---|
| **1** | OPDRAGWERKWOORDE EN HUL BETEKENIS | 2 |
| **2** | PLAASLIKE, STREEKS EN INTERNASIONALE TOERISME | 3 |
| **3** | KAARTWERK EN TOER BEPLANNING | 5 |


## OPDRAGWERKWOORDE EN HUL BETEKENIS

**Gee**
Druk jou opinie oor die saak uit.
*Voorbeeld: Gee jou standpunte oor die afname in toeristeaankomste gedurende 2017.*

**Verduidelik**
Gebruik jou eie woorde om konsepte of prosesse te verklaar
*Voorbeeld: Verduidelik EEN rede waarom die Wimbledontoernooi as 'n wereldgebeurtenis beskou word.*

**Bespreek**
Gebruik jou eie woorde om opinies oor 'n onderwerp uit te lig.
Maak seker om aan die einde tot 'n slotsom te kom
*Voorbeeld: Bespreek, in 'n paragraaf, DRIE maniere waarop 'n daling in die wisselkoers toeriste aankomste beinvloed*.

**Maak onderskeid**
Lig die verskille tussen twee of meer sake uit
*Voorbeeld: Maak onderskeid tussen die bankaankoopkoers en die bankverkoopskoers*

**Noem**
Noem die basiese feite sonder 'n bespreking
*Voorbeeld: Noem die TWEE buitelandse geldeenhede waarna in die uitreksel verwys word.*

**Analiseer**
Verdeel in dele of elemente en verduidelik die verhouding daartussen
*Voorbeeld: Analiseer die toeriste aankomste-statistiek en stel dan met redes voor waar SAToer hul bemarking moet toespits.*

**Voorspel**
Vertel wat volgende sal gebeur
*Voorbeeld: Voorspel wat kan gebeur as die bestuur die bestaande veiligheidsmaatreels by die toring verslap*.

**Bereken**
Wys hoe jy wiskunde gebruik om by ‘n antwoord te kom
*Voorbeeld: Bereken die bedrag in USD wat Mev.Biggs ontvang het toe sy die R600 omgeruil het vir USD.*

**Beskryf**
Die eienskappe van iets op 'n logiese en goed-gestruktureerde wyse neer te skryf.
*Voorbeeld: Beskryf, in 'n paragraaf, hoe toerismeheffings in Suid-Afrika ingesamel word.*

PLAASLIKE, STREEKS EN INTERNASIONALE TOERISME

**Wêreldgebeure van internasionale belang:**

• Konsep: **Wêreldgebeurtenis**

- Sportbyeenkomste: 2010 FIFA Wêreldbeker, Wimbledon, Comrades, Tour de France, die Olimpiese Spele.

- Ander gebeure: G8 **Beraad**, berade oor klimaatsverandering (moet as voorbeelde genoem kan word, moenie die gebeurtenis as sulks bestudeer nie).

• Die positiewe en negatiewe uitwerking van wêreldgebeure op internasionale toerisme

• Die uitwerking van die aanbied van 'n wêreldgebeurtenis op - plaaslike toerisme in die **gasheerland**

- die ekonomie van die gasheerland

• Die voordele en nadele vir die gasheerland (binne 'n toerisme konteks): ontwikkelling van infrastruktuur , beleggings, buitelandse valuta inkomste, **die vermenigvuldiger effek**

**Politieke situasies en onvoorsiene gebeure van internasionale belang:**

• Konsepte: **politieke situasie** en **onvoorsiene gebeure**

• Voorbeelde van onlangse politieke situasies, soos burgeroorlog, terrorisme, algemene onluste

• Voorbeelde van onvoorsiene gebeure soos tsunamis, aarbewings en ander natuurlike rampe, die wêreld resessie, siektes, ongelukke en ekonomiese skommelings.

(Identifiseer onlangse voorbeelde; moenie die politieke situasies en onvoorsiene gebeure as sulks bestudeer nie).

• Die uitwerking van hierdie situasies en gebeurlikhede op internasionale toerisme en die ekonomie van die betrokke land.

**AKTIWITEIT 1**

Gebruik jou handbook, Google of jou notaboek om verduidelikings en voorbeelde van elk van die volgende te verskaf

| ***KONSEP*** | ***VERDUIDELIKING*** | ***VOORBEELD*** |
|---|---|---|
| *Wêreldgebeurtenis* | | |
| *Beraad* | | |
| *Gasheerland* | | |
| *Die Vermenigvuldiger Effek* | | |
| *Politieke Situasie* | | |
| *Onvoorsiene Gebeure* | | |

KAARTWERK EN TOER BEPLANNING

**Toerplanne en roetebeplanning:**

• Ontwikkel toerplanne wat by spesifieke toeristeprofiele, beskikbare begroting en tyd sal pas.

• Roetebeplanning

• Keuse van vervoer en akkommodasie om by die kliënte se behoeftes en voorkeure te pas

• Keuse van attraksies en aktiwiteite om by die toeris se profiel te pas

Bronne: ‘n Kleur padkaart van Suid-Afrika en die SAOG lande, brosjures van akkommodasie en toeriste attraksies, internet

**Die samestelling van ‘n dag-vir-dag toerplan:**

• Die hoofaspekte van ‘n toerplan (beskrywing van vervoer, akkommodasie, attraksies en aktiwiteite, insluitend stilhoutye vir etes)

• Faktore om in ag te neem wanneer ‘n toerplan saamgestel word (fokus op logiese beplanning)

• Samestelling van toerplanne volgens verskillende scenarios

**Die samestelling van ‘n toerbegroting:**

• Faktore wat ‘n invloed het op die ontwikkelling van ‘n begroting

• Ontwikkel ‘n basiese toerbegroting. Dui uitgawes aan vir reis, akkommodasie, etes, besoeke aan toeriste attraksies, inkopies en fooitjies.

**Gesondheid**

• Konsepte: Wêreld Gesondheid Organisasie (WHO), gesondheidsertifikate, reisklinieke, verpligte en aanbevole inentings.

• Voorsorgmaatreëls wat getref moet word wanneer na hoë risiko bestemmings gereis word (malaria, bilharzia, cholera areas).

• Inentings wat benodig word om hoë risiko areas binne te gaan of te verlaat, soos geelkoors en hepatites.

• Tuberkulose en HIV/Vigs risikos vir inkomende toeriste

• Gesondheidsvoorsorgmaatreëls wat aanbeveel word vir toeriste wat areas besoek met ‘n gesondheidsrisiko, soos gebottelde water, sonskerm, voorkomende medikasie

**Veilgheid**

• Redes waarom die veilgheid van toeriste in Suid-Afrika belangrik is.

• Algemene veilgheidsvoorsorgmaatreëls vir toeriste: in die motor, in openbare areas / straat, in hotelkamer, by die lughawe, na donker

**Reisdokumentasie:**

• Reisdokumente wat benodig word wanneer na ‘n gegewe land gereis word, geldige paspoort, visa en gesondheidserifikaat (cholera en geelkoors). Vereistes vir toeriste wat tussen lande reis.

• Hoe om ‘n internasionale rybewys te verkry

• Paspoort: vereistes om ‘n paspoort te kry, voltooiing van ‘n aansoekvorm

• Visum: vereistes vir om ‘n visum te kry, voltooiing van ‘n aansoekvorm

• Konsepte: belastingvrye goedere, verbode goedere, groen kanaal, rooi kanaal, om te verklaar, reistoelaes

• Doeane regulasies wanneer uit Suid-Afrika vertrek word of teruggekeer word. Toegang tot en die interpretasie van doeane inligting.

**Wêreld tydsones: [ WÊRELD TYDSONES IS DEEL VAN KWARTAAL 2 ]**

• Konsepte: tydsone, UTC, Greenwich, halfrondtes, ewenaar en seisoene, standaard tyd, plaaslike tyd, die internasionale datumlyn, die 24-uur horlosie (00:00 – 23:59), breedtelyne en lengtelyne

• Inleiding tot ‘n wêreld tydsonekaart

• Konsep: Dagligbesparingstyd (DBT). Redes vir hierdie praktyk

• Die uitwerking van tydsones en dagligbesparing op reisbeplanning en reis

## AKTIWITEIT 2

## Verskaf jou eie definisie vir elk van die volgende

| **Konsep** | **Definisie** |
|---|---|
| 1. Paspoort | |
| 2. Visum | |
| 3. Gesondheidserifikaat | |

| | |
|---|---|
| 4. Belastingvrye goedere | |
| 5. Verbode goedere | |
| 6. Groen Kanaal | |
| 7. Rooi Kanaal | |
| 8. Om te Verklaar | |

AKTIWITEIT 3 **[ HIERDIE GEDEELTE IS DEEL VAN KWARTAAL 2 ]**

**Lees die volgende en beantwoord dan die vrae.**


| |
|---|
| Die Smith familie kom terug vanaf hul vakansie in Australia. Dit was hul eerste keer oorsee. Hulle het 'n paar geskenke oorsee gekoop en keer nou terug na Suid- Afrika. |

1. Hulle het geskenke gekoop wat hulle moet verklaar. Verduidelik die prosedure wat hulle moet volg.
2. Gee vyf voorbeelde van goedere wat hulle moet verklaar.
3. Verduidelik die verskil tussen die rooi en die groen kanaal.
4. Gee 3 voorbeelde van goedere wat jy nie mag inbring in Suid Afrika nie.
5. Wat sal gebeur indien jy nie goedere verklaar in Suid Afrika nie?

**Aktiwiteit 4** [ HIERDIE GEDEELTE IS DEEL VAN KWARTAAL 2 ]

Dui op die kaart die volgende :

UTK
Ewenaar
IDL
Noordelike Halfrond
Noord
Suid
Oos
Wes



**Aktiwiteit 5** [ HIERDIE GEDEELTE IS DEEL VAN KWARTAAL 2 ]
Gebruik die tydsone kaart hierbo en beantwoord die vrae

Mnr. Jackson het vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe (Johannesburg) na Tegel Internasionale Lughawe (Berlyn in Duitsland) gevlieg om die Berlynse Internasionale Filmfees by te woon. Hy het in Abu Dhabi oorgestaan.

- Mnr. Jackson se vlug het om 12:00 vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe vertrek.
- Hy het op Abu Dhabi Internasionale Lughawe (+4) oorgestaan om 'n aansluitingsvlug na Tegel Internasionale Lughawe (+1) te kry.
- Die vliegtyd vanaf Johannesburg na Abu Dhabi Internasionale Lughawe was 8 uur.
- Mnr. Jackson het om 22:00 in Abu Dhabi aangekom.
- Die oorstaantyd (transito-tyd) in Abu Dhabi was 5 uur.
- Sy vliegtyd vanaf Abu Dhabi na Berlyn was 7 uur.

(a) Bereken hoe laat dit in Abu Dhabi was toe mnr. Jackson vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe vertrek het.

Toon ALLE berekeninge. (3)

(b) Bereken hoe laat hy vanaf Abu Dhabi Internasionale Lughawe vertrek het.

Toon ALLE berekeninge. (3)

(c) Bereken hoe laat mnr. Jackson op Tegel Internasionale Lughawe in Berlyn aangekom het. (4)

Bereken die duur van mnr. Jackson se hele reis. (2)